

OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

30c

Friday 5 June 1987

WINDHOEK

Vrydag 5 Junie 1987

No. 5376

Advertisements

Advertensies

**PROCEDURE FOR ADVERTISING IN THE
OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA**

**PROSEDURE VIR ADVERTENSIES IN DIE OFFISIËLE
KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA**

1. The *Official Gazette* Extraordinary containing advertisements, is published on every Friday. If a Friday falls on a Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the preceding Thursday.

1. Die Buitengewone *Offisiële Koerant* wat advertensies bevat, verskyn elke Vrydag. Indien 'n Vrydag op 'n Openbare Feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die voorafgaande Donderdag.

2. Advertisements for publication in the *Official Gazette* must be in the language in which it is to be published and be addressed to the Official Gazette Office, P.B. 13200, Windhoek, 9000, or be delivered at Room 27, Cohen Building, Windhoek, not later than 15h00 on the ninth working day before the date of publication of the *Official Gazette* in which the advertisement is to be inserted.

2. Advertensies vir publikasie in die *Offisiële Koerant* moet in die taal waarin dit sal verskyn aan die Offisiële Koerantkantoor, P.S. 13200, Windhoek 9000 geadresseer word of by Kamer 27, Cohengebou, Windhoek, in gehandig word nie later nie as 15h00 op die negende werksdag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant* waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations, if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

3. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die adverteerder of sy agent verskaf word indien verlang.

4. Only legal advertisements shall be accepted for publication in the *Official Gazette* and are subject to the approval of the Secretary: Civic Affairs and Manpower who may refuse the acceptance or further publication of any advertisement.

4. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aanvaar en is onderworpe aan die goedkeuring van die Sekretaris: Burgersake en Mannekrag wat die aanvaarding of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

5. The Secretary: Civic Affairs and Manpower reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

5. Die Sekretaris: Burgersake en Mannekrag behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

6. Advertisements must as far as possible be typewritten. The manuscript of advertisements must be written on one side of the paper only and all proper nouns plainly inscribed. In the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be reprinted on payment of the cost of another insertion.

6. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op die een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In gevalle waar 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

7. No liability is accepted for any delay in the publication of advertisements/notices, or for the publication of such on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is accepted in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

7. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publikasie van advertensies/kennisgewings, of die publikasie daarvan op 'n ander datum as die datum deur die adverteerder bepaal nie. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

8. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administrator-General as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

8. Die adverteerder word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publikasie hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ookal, van 'n kennisgewing teen die Administrateur-generaal ingestel word.

9. The subscription for the *Official Gazette* is R25 plus GST per annum, post free in this territory and the Republic of South Africa, obtainable from Star Binders and Printers, P.O. Box 56, Windhoek, 9000. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* are obtainable from Star Binders & Printers, P.O. Box 56, Windhoek 9000, at the price as printed on copy. Copies are kept in stock for two years onhly.

10. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, postal or money orders:

LIST OF FIXED TARIFF RATES

STANDARDISED NOTICES	Rate per insertion R
Transfer of business	3,25
Deeds: Lost documents	6,00
Business notices	5,00
Administration of Estates Acts Notices, Forms J. 187, 193, 197, 295, 297, 517 and 519	2,00
Third party insurance claims for compensation .	2,50
Insolvency Act and Company Acts Notices: J. 28, J. 29. Forms 1 to 9	4,00
N.B. — Forms 2 and 6 — additional statements according to word count table, added to the basic tariff.	
Change of name (four insertions)	60,00
Naturalisation notices (including a reprint for the advertiser)	2,00
Unclaimed moneys — only in the <i>Official Gazette</i> Extraordinary, closing date 15 January (per entry of "name, address and amount")	0,80
Butchers' notices	5,00
Slum Clearance Court Notices, per premises ...	4,00
Lost life insurance policies	2,00
NON-STANDARDISED NOTICES	
Company notices:	R
Short notices: Meetings, resolutions, offers of compromise, conversions of companies, voluntary windings-up, etc.: closing of members' registers for transfer and/or declarations of dividends ..	11,00
Liquor Licence Notices (In <i>Official Gazette</i> , Extraordinary viz. (June/Tvl; November/Cape; January/O.F.S.; April/Natal), per bilingual application	7,00
Declaration of dividends with profit statements, including notes	25,00
Long notices: Transfers, changes in respect of shares or capital, redemptions, resolutions, voluntary liquidations	37,00
Trade marks in South West Africa	11,00
Liquidators' and other appointees' notices	7,00

9. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R25 plus belasting posvry in hierdie gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by Star Binders & Printers, Posbus 56, Windhoek, 9000. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruitbetaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van Star Binders & Printers, Posbus 56, Windhoek, 9000 teen die prys soos gedruk op eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

10. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

LYS VAN VASTE TARIIEWE

GESTANDAARDISEERDE KENNISGEWINGS	Tarief per plasing R
Oordrag van besigheid	3,25
Aktes: Verlore dokumente	6,00
Besigheidskennisgewings	5,00
Boedelwettekennisgewings: Vorms J. 187, 193, 197, 295, 297, 517 en 519	2,00
Derdepartyassuransie-eise om skadevergoeding .	2,50
Insolvensiewet- en maatskappywettekennisgewings: J. 28, J. 29. Vorms 1 tot 9	4,00
L.W. — Vorms 2 en 6 — bykomstige verklarings volgens woordetaltabel, toegevoeg tot die basiese tarief.	
Naamsverandering (vier plasinge)	60,00
Naturalisasiekennisgewings (insluitende 'n herdruk vir die adverteerder)	2,00
Onopgeëiste geld — slegs in die Buitengewone <i>Offisiële Koerant</i> sluitingsdatum 15 Januarie (per inskrywings van "naam, adres en bedrag")	0,80
Slagterskennisgewings	5,00
Slumopruimingshofkennisgewings, per perseel ..	4,00
Verlore lewensversekeringspolisse	2,00
NIE-GESTANDAARDISEERDE KENNISGEWINGS	
Maatskappykennisgewings:	R
Kort kennisgewings: Vergaderings, besluite, aanbod van skikking, omskepping van maatskappye, vrywillige likwidasie, ens.: sluiting van lederegisters vir oordragte en/of verklarings van dividende .	11,00
Dranklisensiekennisgewings (in Buitengewone <i>Offisiële Koerante</i> , t.w. (Junie/Tvl.; November/Kaap; Januarie/OVS; April/Natal) per tweetalige aansoek	7,00
Verklaring van dividende met profytstate, notas ingesluit	25,00
Lang kennisgewings: Oordragte, veranderings met betrekking tot aandele of kapitaal, aflossings, besluite, vrywillige likwidasies	37,00
Handelsmerke in Suidwes-Afrika	11,00
Likwidateurs en ander aangesteltes se kennisgewings	7,00

SALES IN EXECUTION AND OTHER PUBLIC SALES:

Sales in execution	18,00
Public auctions, sales and tenders:	
Up to 75 words	6,00
76 tot 250 words	15,00
251 to 350 words	23,00

ORDERS OF THE COURT:

Provisional and final liquidations or sequestrations	14,00
Reduction or change in capital mergers, offers of compromise	37,00
Judicial managements, <i>curator bonis</i> and similar and extensive <i>rule nisi</i>	37,00
Extension of return date	4,00
Supersession and discharge of petitions (J. 158)	4,00

11. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 10 is at the rate of 56c per cm double column. (Fractions of a cm must be calculated as a cm).

12. No advertisements shall be inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal or money orders must be made payable to the Secretary: Civic Affairs and Manpower.

GEREGTELIKE EN ANDER OPENBARE VERKOPE:

Geregtelike verkope	18,00
Openbare veilinge, verkope en tenders:	
Tot 75 woorde	6,00
76 tot 250 woorde	15,00
251 tot 350 woorde	23,00

ORDERS VAN DIE HOF:

Voorlopige en finale likwidasies of sekwestrasie	14,00
Vermindering of verandering in kapitaalsame-smeltings, aanbod van skikking	37,00
Geregtelike besture, <i>curator bonis</i> en soortgelyke en uitgebreide bevel <i>nisi</i>	37,00
Verlenging van keerdatum	4,00
Tersydestellings en afwysings van petisies (J. 158)	4,00

11. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 10 genoem word, is teen die tarief van 56c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

12. Geen advertensie word geplaas tensy die koste nie vooruitbetaal is nie. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris, Burgersake en Mannekrag betaalbaar gemaak word.

Form/Vorm J 187

LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35(5) of Act 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, *unless otherwise stated*) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons interested therein for a period of 21 days (or shorter or longer *if specially stated*) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Master and Magistrates as stated.

Should no objection thereto be lodged with the Master concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

472/86 VILJOEN Phillipus Roedolf, 27 Julie 1931, Kerkstraat Mariental 9000, Keetmanshoop, Windhoek, Rissik, Cox & Probart, Posbus 90, Keetmanshoop.

158/87 BLAAUW Jakobus Coenraad, 140919 5014 00 8, Descartesstraat 25, Privaatsak 14002, Windhoek, Maria Johanna Elizabeth Blaauw (gebore: Meyer), 1005070100039, Windhoek, Die Bestuurder, Bankorptrust Beperk, Posbus 4333, Kaapstad, 8000 (Agent).

381/86 BURGER Jacobus Johannes Louw, 070215 5015 002, Huis Deon Louw Tehuis, Kerkstraat, Gobabis, Gobabis, K.S. Dannhauser, Prokureur, Posbus 210, Gobabis 9000.

403/86 HOKO-HOKO José Luis, Magsno. 76909076 SP, 32 Bataljon, Buffalo Basis, Wes-Capri, Tradisioneel - Kan-gungu Dipuka Hoko-Hoko, Tsumeb, Windhoek, Swatex (Edms) Bpk, Posbus 249, Windhoek 9000.

LIKWIDASIE- EN DISTRIBUSIEREKENING IN BESTORWE BOEDELS WAT TER INSAE LÊ

Ingevolge artikel 35(5) van Wet 66 van 1965, word hierby kennis gegee dat duplikate van die likwidasië- en distribusierekenings (eerste en finale, *tensy anders vermeld*) in die boedels hieronder vermeld, in die kantore van die Meester en Landdroste soos vermeld en gedurende 'n tydperk van 21 dae (of korter of langer *indien spesiaal vermeld*) vanaf gemelde datums of vanaf datum van publikasie hiervan, as dit later is, ter insae lê van alle persone wat daarby belang het.

Indien binne genoemde tydperk geen besware daarteen by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die eksekuteurs oor tot die uitbetalings ingevolge gemelde rekenings.

413/86 GOUWS Jasper Nicolaas, 3003255064009, Pettenkofferstraat 8, Windhoek, Elizabeth Franzina Gouws, 3507240040007, Windhoek, Boland Bank Beperk, Kaiserstraat 277, Posbus 1516, Windhoek.

572/86 BASSON Dawid Johannes van Lill, 3509115002005, P/a Pospersoneel, Mariental, 9000, Christina Johanna Basson (gebore Van Zyl), 341122 0005 009, Mariental, Windhoek, Barclays Nasionale Bank Beperk, Posbus 512, Kaapstad, 8000.

26/87 VAN DER MERWE Lodewyk Frederick Godlieb, 100724 0100 02 8, 13 Lumen Straat, Vineta, Swakopmund, Susara Aletta Petronella van der Merwe (gebore Human), (SWA) 190228 0100 072, Swakopmund, Windhoek, Barclays Nasionale Bank Beperk, Posbus 512, Kaapstad, 8000.

Form/Vorm 193

**NOTICE TO CREDITORS IN
DECEASED ESTATES**

All persons having claims against the estates mentioned below are hereby called upon to lodge their claims with the executors concerned, within 30 days (or otherwise as indicated) calculated from the date of publication hereof. The information is given in the following order: Estate number, surname and christian names, date of birth, identity number, last address, date of death; surviving spouse's names, surname, date of birth and identity number; name and address of executor or authorised agent, period allowed for lodgement of *claims if other than 30 days*.

473/87 HIKUAMA Benestus, Windhoek, 05/01/1960, Magsnommer 80871494 SH, 911 Bataljon, Luipaardsvlei, 9000, 02/06/1985, Swatex (Edms) Bpk, Posbus 249, Windhoek 9000.

178/87 APOLLUS Stephen Cecil, Windhoek, 11 Junie 1964, 640611 0800 27 5, Windhoek, 1 November 1986, C L de Jager & Van Rooyen, Posbus 224, Walvisbaai.

204/87 SERFONTEIN Francis, Windhoek, 30 Januarie 1937, 370130 0019 07, Spencerstraat 32, Academia, Windhoek, 9000, 21 April 1987, Thomas Miller Serfontein, 26 Augustus 1937, 370826 5001 003, Barclays Nasionale Bank Beperk, Posbus 448, Windhoek 9000.

**KENNISGEWING AAN KREDITEURE IN
BESTORWE BOEDELS**

Alle persone wat vorderinge het teen die boedels hieronder vermeld, word hierby versoek om hul vorderinge by die betrokke eksekuteurs en binne 'n tydperk van 30 dae (of andersins soos aangedui) gereken vanaf die datum van publikasie hiervan in te lewer. Die inligting word verstrek in die volgorde: Boedelnommer, familienaam en voorname, geboortedatum, persoonsnommer, laaste datum, familienaam, geboortedatum en persoonsnommer; naam en adres van eksekuteurs of gemagtigde agent, tydperk toegelaat vir lewering van vorderings *indien anders as 30 dae*.

109/87 AUCAMP Johanna Catherina, Windhoek, 20 Julie 1932, 320720 0008 00 9, Schlettweinstraat Nr. 70, Pionierspark, 16 Desember 1987, Frans Jacob Aucamp, 3 Julie 1929, 290703 5018 00 5, Barclays Nasionale Bank Beperk, Posbus 448, Windhoek 9000.

219/87 KOLL Hans Hermann Albert, Windhoek, 27/08/1937, 370827 5023 005, Fritchestrat Nr. 42, Pionierspark, Windhoek, 28/04/1987, Barclays Nasionale Bank Beperk, Posbus 448, Windhoek, 9000.

Form/Vorm 517

**NOTICE TO CREDITORS
IN DECEASED ESTATES**

All persons having claims against the estates specified in the schedule, are called upon to lodge their claims with the executors concerned within a period of 30 days (or otherwise as indicated) from the date of publication hereof.

DE VILLIERS Dirk Jacobus Johannes, 08/08/1913, 130808 5009 005, Gobabis, 05/05/1987, Standard Bank SWA Ltd., (Registered Commercial Bank) Trustee Branch, P.O. Box 2164, Windhoek 9000, 30 dae, Windhoek, SWA.

**KENNISGEWING AAN KREDITEURE IN
BESTORWE BOEDELS**

Alle persone wat vorderinge het teen die boedels in die bylae vermeld, word versoek om sodanige vorderings binne 'n tydperk van 30 dae (of andersins soos aangedui) vanaf die datum van publikasie hiervan by die betrokke eksekuteurs in te lewer.

Form/Vorm 519

LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT IN DECEASED ESTATE LYING FOR INSPECTION

In terms of Section 35(5) of Act 66 of 1965 notice is hereby given that the liquidation and distribution account in the Estate specified in the Schedule will be open for inspection of all persons interested therein for a period of 21 days from the date of publication hereof (or otherwise as indicated) at the offices of the Master of the Supreme Court and Magistrate, as stated.

Should no objection thereto be lodged with the Master during the specified period, the Executor will proceed to make payment in accordance therewith.

80/87 SMITH Christian Albertis, 250903 01 0007 3, Grootfontein, Eerste en Finale, Smith Gertina Johanna Lindeque, 21 dae, Windhoek, Grootfontein, Standard Bank SWA Ltd, (Registered Commercial Bank), Trustee Branch, P.O. Box 2164, Windhoek 9000.

154/87 GOUS Izak Stephanus, 290106 5016 005, Otjiwarongo, Eerste en Finale, Gous, Johannes Willem, 21 dae, Windhoek, Otjiwarongo, Standard Bank SWA Ltd., (Registered Commercial Bank) Trustee Branch, P.O. Box 2164, Windhoek 9000.

LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING IN BESTORWE BOEDEL WAT TER INSAE LÊ

Ingevolge Artikel 35(5) van Wet 66 van 1964 word hierby kennis gegee dat die likwidasië- en distribusierekening in die Boedel in die Bylae vermeld in die kantore van die Meester van die Hooggeregshof en Landdros soos vermeld vir 'n tydperk van 21 dae vanaf die datum van publikasie hiervan (of andersins soos aangedui) ter insae sal lê vir alle persone wat daarby belang het.

Indien geen besware daarteen by die Meester binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur tot uitbetaling daarvolgens oorgaan.

66/87 MARAIS Mathys Adriaan, 350110 5031 00 3, Okahandja, Eerste en Finale, 5/6/87, Windhoek, Okahandja, Standard Bank SWA Ltd., (Registered Bank) Trustee Branch, P.O. Box 2164, Windhoek 9000.

179/87 KÜRSCHNER Annemarie Edith Ruth, 121221 01 0006 3, Windhoek, Eerste en Finale, 5/6/87, Windhoek, Standard Bank SWA Ltd., (Registered Bank), Trustee Branch, P.O. Box 2164, Windhoek 9000.

Form/Vorm 4

LIQUIDATION ACCOUNTS AND PLANS OF DISTRIBUTION OR CONTRIBUTION IN SEQUESTERED ESTATES OR COMPANIES BEING WOUND UP

Pursuant to section 108(2) of the Insolvency Act, 1936, section 136(2) of the Companies Act, 1926, and section 406(3) of the Companies Act, 1973, notice is hereby given that the liquidation account and plans of distribution or contribution in the estates or the companies mentioned below will lie open for inspection by creditors or contributories at the offices of the Master and the Magistrates stated therein, for a period of 14 days, or for such a period as stated therein, from the dates mentioned below or from the date of publication hereof, which-ever may be the later date.

W18/86 Insolvent Estate J.J.J. Julius, First Liquidation and Distribution Account, At the office of the Master of the Supreme Court Windhoek for a period of 14 days as from the 5th June 1987. I.R. McLaren, Trustee, Investment Trust Co (Pty) Ltd, P.O. Box 21204, Windhoek.

LIKWIDASIE REKENINGE EN PLANNE VAN DISTRIBUSIE OF KONTRIBUSIE REKENING IN GESEKWESTREERDE BOEDELS OF MAATSKAPPYE IN LIKWIDASIE

Ingevolge artikel 108(2) van die Insolwensiewet, 1936, artikel 136(2) van die Maatskappywet, 1926, en artikel 406(3) van die Maatskappywet, 1973, word hierby kennis gegee dat die likwidasië- distribusie- of kontribusierekenings in die boedels of die maatskappye, na gelang van die geval, hieronder vermeld ter insae van skuldeisers of kontribuante sal lê op die kantore van die Meester en Landdroste daarin genoem, gedurende 'n tydperk van 14 dae, of die tydperk wat daarin vermeld is, vanaf die datum hieronder vermeld of vanaf die datum van publikasie hiervan, watter datum ook al die laaste is.

Form/Vorm 5**PAYMENT OF DIVIDENDS AND COLLECTION OF CONTRIBUTIONS IN SEQUESTERED ESTATES FOR COMPANIES BEING WOUND UP**

The liquidation accounts and plans of distribution or contribution in the sequestered estates of companies being wound up, as the case may be, mentioned below having been confirmed on the date therein mentioned, notice is hereby given, pursuant to section 113(1) of the Insolvency Act, 1936, section 139(2) of the Companies Act, 1926, and section 409(2) of the Companies Act, 1973, that dividends are in the course of payment or contributions are in the course of collection in the said estates or companies as set forth below and that every creditor liable to contribution is required to pay to the trustee or liquidator the amount for which he is liable at the address mentioned below.

28/85 Namib Advertising and Public Relations (Pty) Ltd
(In liquidation), 21.5.1987, Dividend paid, Desmond O'Neil
Mathews Trust and Mining Co, P O Box 82, Windhoek.

UITKEER VAN DIVIDENDE EN INSAMELING VAN KONTRIBUSIES IN GESEKWESTREERDE BOEDEL OF MAATSKAPPE IN LIKWIDASIE

Nademaal die likwidasierekening en distribusie- of kontribusie-rekenings in die gesekwestreerde boedels of maatskappye in likwidasie, na gelang van die geval, hieronder vermeld op die datums daarin vermeld, bekragtig is, word hierby ingevolge artikel 113(1) van die Insolvensiewet, 1936, artikel 139(2) van die Maatskappyyewet, 1926, en artikel 409(2) van die Maatskappyyewet, 1973 kennis gegee dat uitbetaling van dividende of insameling van kontribusies aan die gang is in genoemde boedels of maatskappye soos hieronder uiteengesit en dat elke kontribusiepligte skuldeiser die bedrag deur hom verskuldig by die adres hieronder genoem aan die kurator of likwidateur moet betaal.

Form/Vorm 7**NOTICE OF TRUSTEES**

Notice is hereby given that a period of six months having elapsed since the confirmation of the final trustees' accounts in the estates mentioned below, the trustees of the said estates will, pursuant to section 155 of the Insolvency Act, 1936, destroy all the books and documents in their possession relating to the said estates (except those which are required to be lodged with the Masters) after six weeks from the date of this notice.

The particulars are given in the following order: Number of estate; name and description of estate; date of sequestration order; division of the Supreme Court by which order made; date of confirmation of final account, and name and address of curator.

W38/85 Insolvent Estate A Pratt, 29 10 85, Windhoek,
South West Africa, 17 11 86, I.R. McLaren Trustee Invest-
ment Trust Co (Pty) Ltd, P O Box 21204 Windhoek.

KENNISGEWING VAN KURATORS

Aangesien 'n tydperk van ses maande verloop het sedert die bekragting van die finale kuratorsrekenings in die boedels hieronder genoem, word hierby kennis gegee dat die kurators van genoemde boedels ingevolge artikel 155 van die Insolvensiewet, 1936, alle boeke en stukke in hulle besit wat betrekking op daardie boedels het (behalwe die wat by die Meesters ingedien moet word), ses weke na die datum hiervan sal vernietig.

Die besonderhede word verstrek in die volgorde: Nommer van boedel; naam en beskrywing van boedel; datum van sekwestrasiiebevel; afdeling van Hooggeregshof waardeur bevel gegee is; datum van bekragting van finale rekening, en naam en adres vna kurator.

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

KENNIS GESKIED HIERMEE dat 14 dae na publikasie van hierdie kennisgewing, aansoek gedoen sal word aan die Landdros, Karasburg, vir die oordrag van die Algemene Handelaar lisensie tans gehou deur UPINGTON BOUBENODIGHEDE (EIENDOMS) BEPERK, wie handel drywe onder die naam UPINGTON BOUBENODIGHEDE te Erf Nr. 68, 10de Laan, Karasburg, aan en ten gunste van JOHANNES HENDERIK STEENKAMP wie voortaan besigheid sal dryf vir sy eie rekening onder die naam van BOUNO KARASBURG en op dieselfde perseel hierbo genoem.

GETEKEN te KARASBURG op hierdie 19de dag van MEI 1987.

RISSIK & COX
Prokureurs vir Partye
Posbus 8
10de Laan
Karasburg
9000

KENNISGEWING VAN DIE OORDRAG VAN 'N BESIGHEID

Neem kennis dat JOHANNES TALJAARD van voorneme is om die besigheid deur hom bedryf as 'n wassery onder die naam en styl as GOBABIS WASSERY EN DROOG-SKONMAKERS te erf nr. 29, Kerkstraat, Gobabis, te verveem aan en ten gunste van LOUIS PIETER MARTINS (JNR), wie op dieselfde perseel en onder dieselfde naam en styl sal handel dryf vir sy eie rekening binne 'n tydperk van nie minder as 30 (dertig) dae na publikasie van hierdie kennisgewing, en dat hierdie kennisgewing gegee word in terme van Artikel 34 van die Insolvensiewet Nr. 24 van 1936, en verder meer, dat binne 14 (veertien) dae na verskyning van hierdie kennisgewing, die genoemde LOUIS PIETER MARTINS (JNR) aansoek sal doen by die toepaslike owerheid en/of instansie vir die oordrag van die toepaslike lisensies en/of registrasies, met betrekking tot die voormelde besigheid in sy eie naam.

K S DANNHAUSER
PROKUREUR VIR PARTYE.

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK VAN WINDHOEK

GEHOU TE WINDHOEK SAAK NO 3024/87

In die saak tussen:

DIE RAAD VAN DIE MUNISIPALITEIT
VAN WINDHOEK Eiser

en

WALTER URIKHOB Verweerder

KENNIS VAN VERKOPING IN EKSEKUSIE

Ter uitvoering van 'n Vonnis gegee deur bogenoemde Agbare Hof, sal 'n Verkoop gehou word op 18 Junie 1987 voor die Landdroskantoor, Windhoek om 09h00 vm van die volgende eiendom:-

Sekere Erf no. 6825, Uitbreiding 16, Katutura Dorp. WINDHOEK groot 256 vierkante meter tesame met alle vaste verbeterings daarop, insluitende een vier vertrek woonhuis.

VOORWAARDE VAN VERKOPING:

1. Die verkoping is onderhewig aan die bepalings van die Landdroshofwet no. 32 van 1944, soos gewysig, en die eiendom word voetstoots verkoop, volgens bestaande titelakte.
2. Een-tiende van die koopprys sal onmiddellik na die verkoping betaal word, en die balans van die koopsom met 9% rente daarop teen oordrag, welke oordrag sonder verzuim gegee sal word.
3. Die volgende verbeteringe is op die eiendom, alhoewel geen waarborg in die verband gegee word nie:

EEN - VIER VERTREK WOONHUIS
4. Die volledige verkoopsvoorwaardes sal uitgelees word ten tye van die verkoping en kan vooraf besigtig word by die Katutura kantore van Eiser, asook die kantoor van die Geregsbode, WINDHOEK.

R. OLIVIER
R OLIVIER & KIE
PROKUREURS VAN EISER
Realmar Gebou
h/v Leutwein & Bahnhofstrate
Posbus 2198
WINDHOEK
9000

**KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 34(1) VAN
WET 24 VAN 1936**

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat Edward Meyers handelend as King Chicken te Bahnhofstraat, Windhoek van voornemens is om binne 30 dae vanaf datum van hierdie Kennisgewing gemelde besigheid te verkoop aan die Vennootskap tussen B Black en E McGregor wat sal handel dryf as King Chicken.

GETEKEN EN GEDATEER te WINDHOEK hierdie 27ste dag van MEI 1987.

Get. G.D. v.d. MERWE
ANDREAS VAATZ
410 SWABS Gebou
Poststraat
Windhoek

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat veertien (14) dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof in die distrik van GROOTFONTEIN, gehou te OTAVI vir die oordrag van die Motor Garage lisensie, tans gehou deur GERHARDUS KRIEL wat handeldryf as "KOMBAT SELFHELP DIENSSTASIE" te Gedeelte 1 van Gedeelte A van die plaas RIETFONTEIN, nr. 7, erf 344, KOMBAT aan PETRUS JOHANNES BURGER wie op dieselfde perseel onder die naam "KOMBAT DIENSSTASIE" sal handeldryf vir sy eie rekening.

GERTENBACH & VAN ZYL
Posbus 43
Grootfontein
9000
